Sing vooraf staande: Psalm 119:41 (p. 595)

41 Of ek amper al gevang is / in die slim-verborge net –
midde-in gevaarlikhede / dwaal ek nog nie van u wet.
Want dit is my vreug, my erfdeel, / waar ek nie meer sonder kan;
daaraan kleef ek deur u goedheid, / en my voet wyk nie daarvan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 17 (p. 143)

1 Net soos ’n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na ’n veste / in veiliger geweste.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 16:2 (p. 61)

2 Wie hier ’n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Skriflesing: Psalm 31

Teks: Psalm 31:10; Kategismus Sondag 24

Wees my genadig, HERE, want ek is benoud; van verdriet het my oog mat geword, my siel en my liggaam. (Psalm 31:10 AFR1953)

Die psalm is eintlik ’n lied van smart en hartseer.

- Maar – merkwaardig – die psalm eindig nie met smarte nie. Dit eindig met lof aan God.
- Die psalm is ’n gebed wat uit die diepte gebid word, maar deurentyd getuig dit van sterk vertroue op die verlossing van die Here.

Eers kla hy baie oor al sy ellendes in die lewe. Maar soos wat sy gebed vorder, begin hy homself al hoe meer in die hand van die Here sien.

- Hy bely dat sy tye in die Here se hand is. Met ander woorde, hy besef dat die Here oor alles in elke mens se lewe beskik.
- Daarna vra hy dat die Here hom red uit die hand van sy vyande en van sy vervolgers.

Hierdie woorde is egter meer as net die vyande wat ’n mens in hierdie lewe raakloop.
Die Heilige Gees laat hierdie digter sy psalm so skryf dat die volgende woorde dit duidelik maak dat die verlossing wat die Here op hierdie aarde vir ons gee, uiteindelik uitloop op ’n verlossing wat baie groter en duursamer is as enige verlossing wat ons op die aarde ken.

Laat u aangesig skyn oor u kneg, verlos my deur u goedertierenheid.
(Psalm 31:17 AFR1953).

- Die Here se aangesig skyn eers in die hiernamaals ten volle oor ons as sy verlostes.
- Dis ook die enigste tyd en plek waar ons die HERE ononderbroke sal aanroep in sy heerlikheid – en waar die goddelose beskaamd staan en waar hulle verstom in die doderyk! (Psalm 31:18).

Uiteindelik bid die digter:

O, hoe groot is u goedheid wat U weggelê het vir die wat U vrees, wat U uitgewerk het vir die wat by U skuil . . . (Psalm 31:20 AFR1953)

- Hierdie woorde laat geen twyfel oor wat die bedoeling is nie. Dit gaan oor die hiernamaals: **goedheid wat U weggelê het**!
- Die digter sien self in die verste vertes iets van die ewige stad waarvan ons later in die boek Openbaring weer lees:

  Geloofd sy die HERE, want Hy het sy goedertierenheid aan my wonderbaar gemaak, in 'n vaste stad. (Psalm 31:22 AFR1953)

Ons loop dieselfde saak in die Nuwe Testament raak.

- Daar word hierdie **goedheid wat U weggelê het** met iets anders benoem.
- Daar word dit **die genadegawe van God** en **loon** genoem.

Vergelyk die volgende uitsprake:

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23 AFR1953)

Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. (1 Korintiërs 3:8 AFR1953)

As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; (1 Korintiërs 3:14 AFR1953)

. . . omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman. (Efesiërs 6:8 AFR1953)

Die loon of beloning wat ons van die Here af ontvang, is dus heeltemal 'n genadeloon. Die digter profeteer daarvan met die woorde: **hoe groot is u goedheid wat U weggelê het.**

- Dis woorde van verwondering.
- Ons weet dat hierdie woorde wys na al die skatte van heil wat in die verdienste van die Here Jesus Christus vir ons weggelê is.

Die duursaamheid van dit wat God vir ons weggelê het, is nie iets wat mens met syfers kan bereken nie.

Dis iets wat te groot is vir enige mens se verstand om te begryp – dink aan die woorde:

. . . maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. (1 Korintiërs 2:9 AFR1953)

Dit is dalk presies die rede waarom mense wat maar aardsgesind is, minagtend oor die ewige lewe en die verdienste van die Here Jesus Christus is! Hulle kan nie by hierdie hoë geestelike dinge bykom nie omdat hulle lewe heeltemal in die aardse dinge vasgevang is.

Die dinge wat vir ons weggelê is in die hiernamaals se waarde lê daarin dat dit dinge is wat op die standaard is waar God leef en werk!

- Dis ewig en volmaak.
- Dit raak hierdie lewe en veral die lewe na hierdie lewe – omdat God dit daar eers tot volle verwesenliking laat kom.

Die waarde wat ons loon of skat het wat die Here vir ons weggelê het in hierdie lewe, is dat ons Hom moet en kan vertrou tot in ons diepste nood – soos wat die psalmdigter deurgemaak het.

- Die dinge wat vir ons weggelê is, maak dat die Here reeds in hierdie lewe sorg dat daar vir ons troos voorsien word as ons hartseer is.
- Dis sodat ons met lewensblydskap kan en mag lewe, al is ons arm en verdruk.

Die lewe na hierdie een is die tyd wanneer hierdie dinge wat die Here vir ons weggelê het, vir ons tot volle vervulling kom.

Dit bring ons by iets wat vir baie mense ’n groot probleem is: Waarom bêre die Here hierdie genadeloon by Hom? Waarom gee Hy dit nie nou al in hierdie lewe ten volle vir ons nie?

Die antwoord is skokkend, maar waar:

- Omdat ons dit nie in hierdie lewe kan oppas en benut nie.
- Ons kon nie eers die aarde tot eer van die Here bewerk en die duiwel op sy plek hou toe ons nog volmaak was nie – hoe sal ons dit nou wil regkry nadat ons sondebesmet is?!

Die Here het dit by Hom weggelê in die ewigheid omdat ons nie altyd (en met genoeg erns) ingestel is op die ewigheid nie.

- Ons beplan so vir ons aardse lewe en baie keer vir dinge wat die eer en die koninkryk van God heeltemal misloop, dat ons met leë hande voor die Here sou opdaag.
- Daarom mag dié wat die Here van harte vrees, op al hierdie dinge hulle hoop vestig – want die Here bewaar dit self vir hulle.

Hoe ’n soort mens is die digter van hierdie psalm – want hy is verteenwoordigend van ons?

- Hy is ’n onwaardige ontvanger van hierdie erfdeel/genadeloon wat die Here vir ons weggelê het.
- Hy is as gevolg van sy sondes nie werd om ’n kind van God te wees wat in aanmerking kom vir ’n genadeloon/erfporsie nie.

Tog maak hy sy hoop van die begin af duidelik:

- Hy skuil by die HERE – want die Here gaan hom bevry deur God se geregtigheid.
- Die HERE gaan hom red en vir hom ’n baie vaste huis wees (v. 3)
- Die HERE sal hom lei en hom bestuur (v. 4).

Hoe kan die Here dit vir hom doen? Omdat daar iemand anders was wat hierdie verskriklike toorn van die Here gedra het totdat hy sy Gees in die hande van sy Vader oorgegee het – nadat Hy die straf gedra het!

Die psalmdigter profeteer van Hom in vers 6:

In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

Dis ’n profesie van die Here Jesus se lydensoomblikke aan die kruis – waar Hy ter wille van ons was! Sodat ons hierdie genadeloon kan erf wat vir ons weggelê word.

Die digter profeteer van die vreugde wat hy (en ons!) het nadat die genadeloon vir ons verwerf is (vers 8):

> **Ek wil juig en bly wees in u goedertierenheid, omdat U my ellende aangesien, my siel in die benoudhede geken het.** (Psalm 31:8 AFR1953)

Hy dig van die benoudheid van die Here Jesus aan die kruis as hy skryf:

> **Wees my genadig, HERE, want ek is benoud; van verdriet het my oog mat geword, my siel en my liggaam** (Psalm 31:10 AFR1953)

En weer in vers 12 en 13:

> **Vanweë al my teëstanders het ek 'n voorwerp van smaad geword, ja, grootliks vir my bure, en 'n voorwerp van skrik vir my bekendes; die wat my op straat sien, vlug weg van my af. Ek is vergeet uit die hart, soos 'n dooie; ek het geword soos 'n ding wat lê en vergaan.** (Psalm 31:12, 13 AFR1953)

Daardie lyding het die toorn van God tot rus gebring sodat Hy al die gelowiges deur die eeue tydelik en ewiglik kan seën.

Kom ons lees saam wat hieroor in ons belydenis opgeskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 24 – veral vraag 63:

> ***62. Vr. Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of 'n deel daarvan wees nie?***
>
> ***Antw.*** *Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God (a) en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is (b).*
>
> ***63. Vr. Hoe? Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?***
>
> ***Antw.*** *Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade (a).*
>
> ***64. Vr. Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie?***
>
> ***Antw.*** *Nee; want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie (a).*

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:3 (24:3)

3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 Julie 2010

Bybelverwysings by vraag 62:
(a)
Gal 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Deut 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.

(b)
Jes 64:6 En ons het almal geword soos ’n onreine, en al ons geregtighede soos ’n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

Bybelverwysings by vraag 63:
(a)
Luk 17:10 So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

Bybelverwysings by vraag 64:
(a)
Matt 7:18 ’n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ’n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.